

## 21. Jesus se verdere onderrig

Lukas 11: 37 tot Lukas 14: 35

### **Alleen God moet gedien word**

Daar is net een God. Hom alleen moet ons gehoorsaam en aanbid. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Rykdom is alleen in die Here te vinde en nie in aardse skatte nie.
- Die Here roep ons om ons te bekeer van ons sonde.
- Ons moet gehoorsaam wees aan die Here se roeping.

### **Die maaltyd by die Fariseër**

Die Here word deur nog 'n Fariseër genooi om by hom te kom eet. Die Fariseër is verbaas dat die Here nie sy hande was voordat Hy begin eet nie. Jesus spreek Hom skerp uit teen die skynheiligheid van die Fariseërs en wetgeleerdes.

Jesus sê die Fariseërs is net bekommerd oor uiterlike vertoon terwyl hulle denke sondig is. Hulle was die buitekant van die beker maar laat dit binne vuil en vol onheil; hulle dink as hulle maar net 'n geldjie uitdeel vir die armes, is alles in orde. Met sorg gee hulle die tiende van allerlei groentetjies in hul tuin, maar terselfdertyd is hulle onregverdig teenoor ander mense. Liefde tot God het hulle nie. In die sinagoge sit hulle op die voorste plekke en op die markte staan hulle spesiaal daar waar almal hulle eerbiedig kan groet. Hulle is niks anders nie as grafte waaroor 'n mens loop sonder om dit te weet.

Die wetgeleerdes voel beledig deur Jesus se uitsprake. Jesus spreek hulle aan met 'n "Wee julle ook!" Want hulle wat die wet moet vertolk en toepas, lê swaar laste op die mense maar doen self nie wat die wet voorskryf nie. Hulle is net so erg soos hulle vaders wat die profete doodgemaak het. Hulle is saam met hulle vaders skuldig aan die bloed van die profete van God

en sal ook rekenskap daarvan moet gee.<sup>171</sup> Hulle is ook die mense wat, as geleerdes, die volk moet leer om die wet van God reg te verstaan, maar hulle begryp nie die bedoeling van die wet nie en verhinder boonop die mense wat self die wet probeer verstaan. Hierna probeer die Fariseërs nog harder om aan Hom strikvræ te vra, sodat hulle iets kan kry om Hom van te beskuldig.

Die mense drom nou in duisendtalle om Jesus saam om te hoor wat Hy hulle wil leer. Terwyl almal kan hoor, waarsku Jesus die dissipels teen die suurdeeg van die Fariseërs. Die gevaar is groot dat ook die volgelingen van Jesus maskers sal dra wat hulle ware innerlike bedek. Dit sal alles niks help nie, omdat alles wat verborge is, eenmaal ontbloot sal word.<sup>172</sup>

### **Die gelykenis van die ryk dwaas**

Binne 'n kort tydjie was Jesus se Naam oral in die omgewing van Betabara bekend. Eendag kom daar 'n man na Hom en vra vir Hom om sy broer om te praat om die erfenis met hom te deel. Die gierige man het gesien dat Jesus groot mag oor mense het en dink dat Jesus sy mag kan gebruik om hom te bevoordeel.

Verontwaardig wys Jesus hierdie versoek van die hand want Hy het nie gekom om as regter op te tree in allerlei geskille nie; daar is tog Joodse regters daarvoor. Wie Jesus in 'n aardse regstryd wil betrek, begryp nie dat Hy 'n hemelse roeping het om uit te voer nie. Dit is duidelik dat hierdie man net homself uit die erfenis wil verryk. Hierdie gebeurtenis maak dit duidelik dat al Jesus se volgelingen ook in hierdie strik kan trap, daarom waarsku Hy hulle almal om versigtig te wees vir gierigheid. Jesus meet nie die waarde van 'n persoon se lewe aan sy rykdom nie. Om hierdie waarheid beter te verduidelik, vertel Hy die gelykenis van die ryk dwaas.

'n Ryk man het so 'n groot oes gehad dat hy nie plek in sy skure gehad het om alles te bêre nie. Hy besluit toe om sy skure af te breek en groter te bou sodat hy die hele oes daarin kan bêre. Hy dink dat hy dan vir baie jare genoeg het sodat hy nie meer hard hoef te werk nie. Hy kan nou rustig

---

171 Op. 16: 5 en 6 En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdige, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.

172 Kol. 1: 26 en 27 naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid.

lewe en sy rykdom geniet. Maar in die oë van God was hy 'n dwaas; daardie selfde nag is hy oorlede en het hy alles wat hy bymekaargemaak het net so agtergelaat. Dit is die uiteinde van almal wat aardse skatte vergader en nie hemelse skatte nie.

Die Here waarsku die mense om nie bekommerd te wees oor die tydelike behoeftes van die lewe nie. Hy herhaal dit wat Hy reeds in Galilea gesê het, sodat die mense ook kan leer om al hulle sorge in volle vertroue op God te werp. In ons hele lewe moet ons maar alleen op Hom vertrou.<sup>173</sup>

### **Die noodsaak tot bekering**

Waar Jesus by Betabara oorbly, kom daar mense aan wat vertel dat Pilatus 'n aantal Galileërs by die altaar in die tempel laat doodslaan het. Hulle wil Jesus seker waarsku dat Hy as Galileër versigtig moet wees vir Pilatus. Hulle wil nou by Jesus weet of hierdie Galileërs groter sondaars is as ander mense en of dit nou die straf van God is wat hulle getref het.

Jesus sê dat die slagoffers beslis nie groter sondaars is nie. Almal is sondaars en almal moet hulle bekeer, ook die wat daar by Hom staan en na sy woorde luister. Anders sal God die onbekeerdes met die ewige oordeel tref.<sup>174</sup> Moet dus nie die vinger na ander wys nie, maar wys dit eerder na jouself.

### **Die gelykenis van die onvrugbare vyeboom**

Jesus vertel die gelykenis van die onvrugbare vyeboom om daarmee nog duideliker te maak dat dit noodsaaklik is dat almal hulle moet bekeer voordat dit te laat is.

'n Man het 'n vyeboom in sy wingerd geplant en hy kom om vrugte te soek, maar hy kry niks nie. Toe sê hy vir die tuinier om die boom uit te kap want dit is al die derde jaar wat hy vrugte kom soek en niks kry nie. Die tuinier pleit vir die boom en belowe om dit te versorg en mis te gee. As hy dan vrugte dra, is dit goed. Maar as hy dan nog nie vrugte dra nie, kan hy die boom die volgende jaar laat uitkap.

---

173 2 Kor. 1: 9 en 10 Ja, ons het al self by onself die doodvonniss oor ons gehad, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dode opwek; wat ons verlos het uit so 'n groot doodsgevaar en nog verlos; op wie ons hoop dat Hy ook nog sal verlos.

174 Op. 16: 5 En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;

Jesus beklemtoon dat almal hulle moet bekeer voordat dit te laat is. Hy sal nog aandag aan hulle bestee, maar indien hulle hul nie bekeer nie, dan sal hulle uitgekamp word. Die Here sal hulle as sy volk verwerp.

### **Die genesing van 'n lam vrou**

Op die sabbat toe die Here in die sinagoge is, sien Hy daar 'n vrou wat agtien jaar lank siek is; sy is inmekaar getrek en kan glad nie regop kom nie. Toe Jesus haar sien, roep Hy haar, lê sy hande op haar en sê vir haar sy is genees. Sy staan onmiddellik regop en verheerlik God. Die owerste van die sinagoge is kwaad en sê vir die volk dat daar ses dae is waarop mens mag werk en dus mense gesond mag maak. Dit mag nie op die sabbatdag gedoen word nie.

Jesus laat die saak nie so verbygaan nie. Hy praat streng met die owerste en noem hom 'n huigelaar. Jesus wys daarop dat hulle almal die os of die esel wat aan die krip vasgemaak is op die sabbat losmaak om water te drink. Maar hier is 'n vrou wat al agtien jaar lank siek is. Waarom kan sy dan nie op die sabbat ten minste dieselfde behandeling kry as hulle diere nie? Toe Hy dit sê, word al sy teenstanders skaam. Die skare is ook bly oor dit wat hy gedoen het.

### **Die nou poort**

Terwyl die Here weer op reis is na Jerusalem vra iemand vir Hom of die wat gered word min is. Jesus antwoord nie op sy vraag van min of baie nie, want Hy wil hom laat verstaan dat dit nie 'n vraag is waaroor 'n mens hoef te bekommer nie. Die vraag of hyself gered is, is van veel groter en meer persoonlike belang en daaraan moet hy ernstige aandag gee. Daarom moet elkeen hard stry om deur die nou poort in te gaan. Dit is 'n weg van totale onderdrukking van jouself en van groot geestelike inspanning. Die poort is nou en alleen met aanhoudende, doelgerigte inspanning kan iemand daardeur gaan. Maar elkeen moet sonder uitstel daaraan werk.

Dan verander Jesus die beeldspraak en stel Hy dit voor as 'n groot feesmaal waarby God die gasheer is. Op die bepaalde tyd word die deur gesluit. Die mense wat te laat aankom sal klop en vir die Here vra om oop te maak. Maar Hy sal antwoord dat Hy hulle nie ken nie en nie weet waar hulle vandaan kom nie. Dan sal hulle begin sê dat hulle in sy teenwoordigheid geëet en gedrink het en by was toe Hy hulle op die strate geleer het. En Hy sal volhou dat Hy hulle nie ken nie en hulle, as werkers van die ongeregtigheid, beveel om weg te gaan van Hom af. Dan sal daar 'n geweenswoord en 'n gekners van die tande.

Ja, die poort waardeur ons ingaan na die koninkryk van die hemele, is nou, baie nou! Dit vereis van ons om onself te kruisig en alleen na die wil van die Here te vra.<sup>175</sup>

## Jesus teen Herodes gewaarsku

Op dieselfde dag dat Jesus die boodskap ontvang dat Lasarus siek is en met die reis na Jerusalem begin, kom waarsku sommige Fariseërs Hom dat Herodes Hom wil doodmaak. Daarom moet Hy lievers so gou moontlik weggaan. Hy was toe in Perea waar Herodes die viervors was. Herodes het reeds vir Johannes die Doper laat onthoof. Nou is Herodes bang dat Jesus eintlik Johannes is wat uit die dood teruggekom het en op sy moordenaar wraak wil neem. Ook weet Herodes van die strewe van die volk in Galilea om Jesus koning te maak. Die bewering dat hy Jesus wil doodmaak is dus die waarheid.

Jesus sê vir hulle om vir hom te gaan vertel dat Hy duiwels uitdryf en Hy maak gesond, vandag en môre en op die derde dag is Hy klaar. Maar Jesus moet na Jerusalem gaan, want dit is ondenkbaar dat 'n profeet buite Jerusalem omkom. Die gedagte aan Jerusalem wat die profete stenig, maak Jesus hartseer. Jesus het baie keer daar gewerk, maar sy prediking het geen verandering in die houding van die stad gebring nie. Die stad is die moeder van die volk<sup>176</sup> en Jesus het probeer om haar kinders te vergader soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, maar hulle wou nie.

Omdat die stad weier om tot bekering te kom, sal dit deur die oordeel van God getref word en hulle tempel sal verwoes word. Dit het ook werklik in die jaar 70 n.C. gebeur.

## Genesing van 'n watersugtige man

Op pad na Jerusalem bly Jesus op 'n sekere plek vir die sabbat oor. Een van die owerstes van die Fariseërs nooi Hom toe na sy huis vir ete. Dit was nie uit vriendelikheid nie, maar om Jesus beter dop te hou. Hulle probeer nog steeds om iets teen Hom te vind.

---

175 1 Tim. 6: 12

Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.

176 Ps. 122: 3 - 5

Jerusalem wat gebou is soos 'n stad wat goed saamgevoeg is, waarheen die stamme optrek, die stamme van die HERE - 'n voorskrif vir Israel! - om die Naam van die HERE te loof. Want daar staan die stoele vir die gereg, die stoele van die huis van Dawid.

In die huis van die Fariseër was daar 'n man wat aan watersug gely het. Jesus vra toe aan die wetgeleerdes en Fariseërs of mens iemand op die sabbat mag gesond maak. Hulle wat die wet ken en vir ander vertolk, moet tog weet wat gedoen mag word en wat nie. Hulle weier egter om te antwoord.

Toe maak die Here die watersugtige man gesond en laat hom huistoe gaan. Daarop vra Hy wie van hulle wat 'n os of 'n esel het wat op die sabbat in die put val, sal hom nie dadelik uithaal nie? Maar ook hierop antwoord hulle nie. Hulle stilswye spreek hard en duidelik van hulle vyandigheid teen Jesus.

### **Die genooies en die voorste plekke**

Toe die gaste aan tafel gaan sit, is daar 'n opvallende kompetisie onder hulle om die plekke van eer te kry. Party is ontevrede omdat hulle nie hoog genoeg in die rangorde 'n plek gekry het nie. Die Fariseërs is baie gevoelig oor hulle eie eer en het ook elkeen 'n mening oor sy sosiale status.

Toe Jesus dit sien, vermaan hy hulle om liever die agterste plek in te neem ingeval daar dalk 'n belangriker persoon genooi is. Die gasheer mag miskien vir jou kom vra om asseblief agtertoe te skuif en jy sal in groot verleentheid na die agterste plek moet gaan. Die Here bedoel natuurlik hiermee dat 'n mens altyd bereid moet wees om die minste te wees.

Verder raai Jesus die gasheer aan om nie sy vriende en familie nie, maar eerder armes en verminktes en kreupeles en blindes na 'n maaltyd uit te nooi, omdat hulle hom glad nie daarvoor kan vergoed nie. Dit sal hom gelukkig maak en eendag met die opstanding uit die dood, sal hy daarvoor vergoed word. Ook hiermee gee die Here aan ons 'n algemene reël om goed te doen sonder om iets terug te verwag.<sup>177</sup>

### **Die gelykenis van die groot maaltyd**

Een van die wat saam met Hom aan tafel is, wil graag wys hoe vroom hy is en maak die opmerking dat dit salig is om brood in die koninkryk van God te eet. Maar die Here antwoord hom met 'n gelykenis.

---

177 Gal. 6: 9 en 10 En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

'n Man het 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi. Toe die maaltyd gereed was, stuur hy sy dienskneg na die genooies om vir hulle te sê dat hulle maar kan kom. Elkeen begin toe om verskoning te maak omdat hulle nie kan kom nie. Die een het 'n stuk grond gekoop waarna hy dringend moet gaan kyk. Nog een het vyf paar osse gekoop en gaan met hulle probeer werk. 'n Derde een het verskoning gemaak, want hy is pas getroud en kan nie kom nie. So het al die genooies verskonings gehad, maar eintlik wou hulle nie kom nie. Die gasheer is baie kwaad toe hy dit hoor en sê vir sy kneg om gou uit te gaan in die strate en gangetjies van die stad en die armes, verminktes en kreupeles te bring na die maaltyd. Toe daar nog plek was, stuur hy die dienskneg weer om nog ander te nooi, sodat die saal vol kan word.

Hierdie gelykenis wys in die eerste plek op die Jode wat deur die Here genooi word om in sy Seun Jesus Christus te glo. Toe hulle allerhande verskonings maak en nie na Jesus kom nie, stuur die Here sy knegte, die apostels en sendelinge na die heidene om hulle uit te nooi.<sup>178</sup> Vandag is ons die genooies wat die Here na sy maaltyd uitnooi en ons mag nie verskonings maak nie. Ons het nooit rede om te weier as die Here ons roep nie, maar altyd rede om dadelik te gaan. Anders sal die Here ons ook naderhand verwerp en ander na sy maaltyd nooi.

## **Berekening van die eise van dissipelskap**

Toe Jesus sy reis voortsit om uit Perea na Betanië by Jerusalem te gaan, volg baie mense Hom. Die meeste van hulle het egter nog nie behoorlik gedink oor die eise van dissipelskap nie. Hulle volg Jesus maar eintlik uit belangstelling of nuuskierigheid. Jesus wil hê hulle moet besef wat dit beteken om Hom waarlik te volg, want dit beteken selfverloëning, stryd, vernedering en vervolging. Die mense moet dit goed weet en dan besluit of hulle verder wil saamgaan. Daarom roep Jesus hulle eers byeen en verduidelik weer aan hulle die eise van dissipelskap.

---

178 Hand. 13: 46 en 47 Maar Paulus en Barnabas het vryuit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie - kyk, ons wend ons tot die heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde.

Jesus wys daarop dat as mens Hom wil volg, jy bereid moet wees om jou bande met jou familie te breek en jou kruis te dra. Dit verg opoffering.<sup>179</sup> Daarom moet elkeen eers ernstig nadink of hy bereid is om dit te doen en om daarmee aan te hou. Hulle moet daaraan dink dat as iemand 'n toring wil bou, hy eers moet uitreken wat dit sal kos, anders kan dit gebeur dat hy dit nie kan klaarmaak nie en dat die bure dan met hom spot. Net so ook sal 'n koning eers moet vasstel of sy leër sterk genoeg is om te wen, voordat hy 'n oorlog begin. As hy nie oor die nodige manskappe beskik nie, sal hy liewers gesante stuur om vrede te vra. Net so moet elkeen wat Jesus wil volg, eers goed nadink en die eise oorweeg. Hulle moet nie wees soos sout wat laf geword het nie. Sulke sout is vir niks goed nie en word buitekant weggegooi.<sup>180</sup>

### **Aanbevole leesstukke:**

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 175 - 180 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgesiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok 264 - 270 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 234 - 237 en 240 - 242 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 609 - 611 p.

---

179 2 Tim. 3: 12 En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgt word.  
180 Matt. 5: 13 Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.